NG Gemeente Overkruin
Posbus 13956, Sinoville 0129
Telefoon: 012 567 2177. Faks: 086 762 0918
e-pos: ngoverkruin@gmail.com

## OOREENKOMS VIR DIE GEBRUIK VAN DIE FASILITEITE VAN DIE NG GEMEENTE OVERKRUIN

### 1. VOORWAARDES

1.1. Aansoek vir die gebruik van die kerk, die saal, die kapel, die terrein of enige ander lokaal en/of fasiliteit word by die kerkkantoor gedoen. Die tariewe is vooruit betaalbaar sodra die gebruiker die onderneming wat op hierdie ooreenkoms betrekking het, geteken het.

1.2. Gemeentebyeenkomste en -funksies geniet altyd voorkeur.

1.3. Die Gemeenteraad (GR) kan enige aansoek vir die gebruik van enige van die fasiliteite afkeur sonder om redes te verstrek.

1.4. Indien die GR 'n aansoek vir die gereelde gebruik van 'n fasiliteit op 'n spesifieke dag en tyd vir 'n tydperk goedkeur, is die goedkeuring onderhewig aan die moontlikheid dat 'n ongeskeduleerde gemeentebyeenkoms die kansellering van die gebruiker se geskeduleerde byeenkoms, mag noodsaak. Indien 'n geskikte alternatiewe lokaal/tyd beskikbaar is, sal dit vir die gebruiker aangebied word.

1.5. Rook is te alle tye verbode in die kerk, die saal, die kapel, die toilette en enige ander lokaal.

1.6. Die gebruik van slegs wyn en/of vonkelwyn word net in die saal en kapel toegelaat - onder geen omstandighede in die kerk nie.
Geen alkohol mag in enige ander lokaal en/of op die kerkterrein verbruik word nie.

1.7. Die gebruik van kerse in die kerk word nie toegelaat nie.

1.8. Gebruikers wat enige lokaal, fasiliteit en/of goedgekeurde toerusting gebruik is verantwoordelik vir enige skade.

1.9. Die gebruiker moet self:
- (a) die lokaal benodig vir gebruik voorberei;
- (b) die kerk, die saal, die kombuis, die toilette, enige ander lokaal wat gebruik is, asook die terrein, skoon en netjies laat. (personeel van die gemeente is nie daarvoor verantwoordelik nie);
- (c) die stoele agter in die saal teen die muur op mekaar stapel, tafels moet onder die trap by die ingang na die saal geberg word;
- (d) alle breekgoed skoon agterlaat en aan die koster oorhandig;
- (e) rekenaartoerusting met koppelings voorsien indien die oorhoofse projektor in die saal gebruik gaan word;
- (f) Reël vir die dienste van 'n motorwag/te indien benodig.

1.10. Huurgeld soos hieronder aangedui is vir die gebruik van die fasiliteite binne werksure (08:00 tot 16:00) op weekdae. Vir die gebruik van die fasiliteite na-ure en naweke, is ‘n bykomende bedrag van R300 per dag betaalbaar.

**Belangrik:** Skakel asseblief die koster, **Rudi van Heerden (082 832 5565),** om enige reëlings t.o.v. die gebruik van die fasiliteite te bevestig.

1.11. **Die gebruiker moet vroegtydig reëlings met die koster, Rudi van Heerden (082 832 5565), tref vir die oop- en toesluit van die kerk, die saal, die kapel, die kombuis en enige ander lokaal en/of toerusting. Alle ander toepaslike reëlings moet ook met hom getref word.**

1.12. Alle gelde is vooruit betaalbaar by bespreking. As die GR goedkeuring verleen het vir die gebruik van ’n lokaal vir ’n termyn/tydperk, is betaling van die voorgeskrewe tariewe betaalbaar op die eerste dag van elke maand vir die termyn waarin die byeenkomste sal plaasvind.

1.13. **Daar mag onder geen omstandighede van NG Overkruin se werknemers gebruik gemaak word nie.**

## 2. HUURGELD BETAALBAAR

2.1. Gemeentebyeenkomste en die gebruik van die saal deur lidmate vir persoonlike byeenkomste is gratis.

2.2. Gebruik van die fasiliteite deur Staatsondersteunde skole noord van die Magaliesberg tot by die N4 en tussen Lavenderweg en die N1, asook Gemeentes van die Ring van Wonderboom, is gratis.

2.3. Deposito behalwe in die geval van 2.1 en 2.2. R1 500

2.4. Gebruik van fasiliteite na 16:00 weeksdae asook naweke:
R300 per geleentheid. ☐

2.5. Enige ander instansie

2.5.1 **Kerk (Geen kerse)**

(a) Gebruik van kerk (orrel ingesluit): R1 500 per geleentheid ☐

(b) Toerusting:

(i) Klanktoerusting met klankoperateur: R 500 vir 3 ure, daarna R100 vir elke bykomende uur of gedeelte daarvan. ☐

(ii) Orrelis: R 600 per geleentheid ☐

2.5.2 Kapel: R 300 per geleentheid ☐

2.5.3 **Kerksaal**

(a) Huur: R500 per geleentheid ☐

(b) Huur vir aaneenlopende tydperk van 5 dae en langer: R450 per dag ☐

(c) Saalgebruik vorige dag vir voorbereiding: R500 ☐

(d) Besigtiging van fasiliteite na-ure en oor naweke: R300 per geleentheid ☐

2.5.4 **Kombuisgeriewe**

(a) Kombuis
(i) Huur: R500 per dag ☐

(b) Breekgoed (geen vadoeke word voorsien nie)
(i) Huur R300 per dag ☐
(ii) Deposito R300

(c) Huur van tafeldoeke ☐ @ R50.00 elk. Moet skoon terugbesorg word. ☐

**TOTAAL:** **R** ☐

**Belangrik:** Skakel asseblief die koster **Rudi van Heerden (082 832 5565)** om enige reëlings te bevestig.

**3. ANDER VOORWAARDES**

3.1. **Koster**:

3.1.1 Slegs die koster, of ’n persoon deur die koster aangewys, is gemagtig om breekgoed en tafeldoeke uit te haal en terug te pak.

3.1.2 Skade aan breekgoed en ander toerusting word deur die koster bepaal en by die kerkkantoor aangemeld vir verhaling van die gebruiker.

3.1.3 Geen kerkeiendom, bv. breekware, tafeldoeke, ens, mag van die perseel verwyder word nie.

3.2. **Tydsduur**:

3.2.1 Die huurder moet toesien dat die kerk/saal/kapel/kombuis, en enige ander lokaal, asook die terrein teen 23:00 op die dag van gebruik opgeruim en ontruim is**.**

3.2.2 Geen musiek of geraas word na 22:00 toegelaat nie.

**4. PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN GEBRUIKER.**

4.1. Dui aan watter van die volgende:

Overkruin-lidmaatnaam:

........................................................................................................................

Ander Instansie:

........................................................................................................................

Datum waarop fasiliteite benodig word ........…………………………………………….

Aard van geleentheid waarvoor benodig …………………………………………………..

Lokaal: Kerk, ure: .......................................................................... (Bv. 09:00 – 18:00)

Saal/Kapel ure: .................................................... (Geen ander lokale)

Kombuis ure: ...................................................

Hoeveelheid breekgoed:

Koppies en pierings: .........................................

Kleinbordjies: ...................................................

Borde: ...................................................

Sopborde: ...................................................

Eetgerei: ...................................................

Ander: (Spesifiseer)..........................................................................................

Naam van gebruiker of instansie …........……………………………………………………..

Telefoonnommers (w/h) …………………….............… (sel) …………………….............

E-posadres: ...........................................................................................................

## 5. ONDERNEMING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat ek vertroud is met die inhoud van die voorwaardes vir die gebruik van die fasiliteite van die NG Gemeente Overkruin en onderneem om dit getrou na te kom. Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir enige skade en/of verliese wat uit die gebruik van die fasiliteite mag voortspruit.

…………………………………
Handtekening van gebruiker

...........................
Datum